

Eucharistiese Gebed vir die Seisoen van die Skepping

van die Anglikaanse Kerk in Suidelike Afrika, goedgekeur deur die Provinsiale Liturgiese Komitee en die Sinode van Biskoppe.

Elemente wat gebruik word tydens die Dienste

Skenk aandag aan die soort brood wat gebruik word tydens die viering. Oorweeg die moontlikheid om 'n hele brood of 'n paar heel brode te gebruik wat sigbaar gebreek en uitgedeel kan word tydens die diens. 'n Gesin of 'n groep in die gemeente kan onderneem om weekliks die elemente vir die diens te voorsien en die brood te bak. Indien kleiner broodrolletjies gebruik word, kan dit op die perseel gebak word deur die Junior Kerk of Sondagskool. Hulle bring dit dan in tydens die diens. 'n Plaaslike wyn moet gebruik word, waar moontlik, en weereens kan 'n gesin of groep dit voorsien. Die mense wie die elemente voorsien maak dan deel uit van die Optog met die Offergawe.

Ontvangs van die Brood en Wyn – 1

Die volgende gebede kan gebruik word in plaas van dié in die AGB. Die gebede kan gesê word deur diegene wat die elemente aanbied.

Die neem van die brood

Here God van die hele skepping, U is waarlik geseënd. Deur U goedheid kan ons hierdie brood offer. Die aarde het dit opgelewer en ons het dit ontvang van die swygende grond. Dit is die brood van die aarde, die swygende aarde wat bak in die môre lig, hierdie pragtige planeet in die wemelende melkweë van die ruimte: wat lewe voortbring in alle vorme, warm en helder verlig vir ons, vrygewig, getrou en verstommend.

Geseënd is God vir ewig

Die neem van die wyn

Liefdevolle God, geseënd is U ook in die wyn wat ons het, die vrug van die wynstok en die werk van mensehande. In ons aarde van baie seëninge is die wynstok geplant met wortels wat diep reik na daardie volheid waaruit voedsel, krag en gesondheid geput word.

Geseënd is God vir ewig

Ontvangs van die Brood en Wyn – 2

'n Paar klippe en 'n bietjie water in 'n klein houertjie word saam met die offergawes, die brood en die wyn opgebring. Die volgende word gesê voor die gewone dankgebede.

Die neem van die brood

Geseënd is U, Skepper Gees, Bron van alle lewe. Die hemel en die aarde behoort aan U, tog het U ons die taak opgelê om saam met U om te sien na alles wat geskape is. Deur U goedheid kan ons hierdie klippe van die land en die see wat U as tuiste gegee het vir al U skepsels, offer.

Geseënd is God vir ewig

Die neem van die wyn

Geseënd is U, Skepper Gees, Bron van alle lewe. Deur U goedheid kan ons hierdie water offer wat al U skepsels reinig, verfris, versterk en opgewek maak.

Geseënd is God vir ewig

Spesiale Eucharistiese Gebede

Twee Spesiale gebede is geskryf en word by hierdie materiaal ingesluit. Die Gebede is slegs in Afrikaans maar die Sanctus, Benedictus en Akklamasie kan in enige taal wees en waar dit gesing word, in enige musikale toon bekend aan die gemeente. Aangesien hierdie gebede nuut is vir diegene wat dit gebruik, is die gevoel dat hulle op 'n oorpeinsende manier gebid word.

Gepaste Sinne

Spesifieke Gepaste Sinne word voorsien vir elke Sondag van die Seisoen. Hierdie Sinne kan ook gebruik word saam met enige van die Eucharistiese Gebede in die Anglikaanse Gebedeboek 1989.

Uitnodiging na die Kommunie

Kom, ontvang lewe van die Bron van alle lewe.
Kom, deel die skepping met die Skepper van alle lewende dinge.
Kom, word vernuwe deur die Gees wat alles nuut maak.
Kom, vier fees saam met God in geloof en danksegging.

EERSTE EUCHARISTIESE GEBED VIR SEISOEN VAN DIE SKEPPING

Mag die Here met u wees
En ook met u

Verhef u harte
Ons verhef hul tot die Here

Laat ons die God van die hele Skepping
loof en prys
**Ons sing tot die Skepper met liedere
van die skepping**

Laat ons God die Skepper, Minnaar en
Onderhouer van die heelal dank
**Laat ons ons verbly in ons Skepper,
Onderhouer en Versoener.**

Mag die Here met u wees
En ook met u

Verhef u harte
Ons verhef hul tot die Here

Laat ons die Here onse God dank
Dit is paslik om U te dank en te loof

God van krag en mag, U het die Woord gespreek en alles in die hemel en op die aarde, alle dinge, het tot stand gekom. U Gees het gesewee oor die primitiewe elemente en U het lewe in ontelbare vorme voortgebring, ook hierdie brose aarde met ons onder haar bewoners.

Soos ons verlede in U is, so rus ons hoop vir die toekoms op U.
Soos ons van U weg afgedwaal het, so keer ons weer terug na die warmte van U liefde.
Deur U word alle dinge tot nuwe lewe gebring.

Die Gepaste Sin volg hier

Nou met die hele skepping verhef ons ons stemme om die heerlijkheid van u naam te verkondig:

**Heilig, heilig, heilige Heer
God van krag en mag**

**die hemel en aarde is vol van u heerlijkheid.
Hosanna in die hoogste.
Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here.
Hosanna in die hoogste.**

In die nag toe Jesus verraai is het Hy brood geneem en U gedank. Hy het dit gebreek om met ons te praat oor Sy liggaam wat aan die Kruis gebreek is. Hy het die brood aan Sy vriende gegee en gesê: "Neem en eet, dit is my liggaam wat vir julle gegee is. Doen dit tot my gedagtenis."

Jesus het toe die wyn geneem en U gedank. Hy het dit geskink om met ons te praat oor die uitstorting van Sy bloed. Hy het die wyn aan Sy vriende gegee en gesê: "Dit is my bloed van die nuwe verbond wat vir julle en die hele skepping uitgestort is tot vergifnis van sondes. Elke keer as julle van die wyn drink, doen dit tot my gedagtenis."

So verkondig ons die verborgenheid van die geloof

**Christus het gesterwe
Christus het opgestaan
Christus kom weer.**

Daarom, terwyl ons onthou die versoening van die hele skepping, wat moontlik gemaak is deur die dood en opstanding van onse Here Jesus Christus, offer ons aan U hierdie brood en hierdie wyn. Laat sy volmaakte offer ons met U, en met mekaar, en met die hele skepping versoen. Maak ons bedienaars van U versoenende liefde deur U genade krag.

In Christus het lewe, wat eens gebroke, uitgestort en begrawe is, weer opgeskiet. Gee dat, terwyl ons in vertrouwe wag op die wederkoms van Christus, die nuwe lewe en versoening wat Hy vir ons gegee het, lewendig mag bly. Heel wat gebroke is, herstel wat uitgestort is en vernuwe die hele skepping in die opstanding van Jesus Christus.

Ons vra U om u Lewegewende Gees, wat eers oor die woeste waters gesweef het, neer te stuur op hierdie brood en wyn, en op ons en die hele skepping, ontroer in ons dit wat skeppend is en verlos ons van dit wat vernietig.

Verenig ons in die liggaam van u Seun, deur Hom, met Hom en in Hom, in die eenheid van U Skeppings Gees, met alles wat was, is, en sal wees in U heelal, staan voor U en aanbid ons U, die God van almal en alles, met liedere van ewige lof:

Seën en eer en heerlijkheid en mag sy aan U in alle ewigheid. Amen

DIE HERE SE GEBED

Soos Christus ons geleer het sê ons vrymoediglik

**Ons Vader wat in die hemele is
laat u Naam geheilig word
laat u koninkryk kom
laat u wil geskied
soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood
en vergeef ons ons skulde**

**oos ons ook ons skuldenaars vergewe
en lei ons nie in versoeking nie
maar verlos ons van die bese.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en
die heerlikheid tot in ewigheid. Amen**

DIE BREKING VAN DIE BROOD

Ons neem hierdie brood om te deel in die skepping van God en om,
deur Christus, ons eenheid in die skepping te toon.

**Ons wat baie is, is almal een skepping
want ons deel almal in die liefde van die Skepper.**

DIE UITNODIGING NA DIE KOMMUNIE

Skepper God, ontmoet ons in hierdie brood en wyn
en wees met ons op ons toekomsreis,
dat ons en die hele skepping weer die storie van die Lewe kan ervaar,
en alles wat bestaan, mag lewe om U naam vir ewig te loof en groot te maak.
Mense van God, kom nader in geloof en reis ver in genade.

DANKSEGGINGSGEBED

-kan gebruik word gedurende enige van die weke

God van almal, ons loof en dank u,
dat U ons in u Seun ontvang en huis-toe gebring het,
toe ons nog ver van U verwyderd was.
Lewend en sterwend, het Hy u liefde verkondig,
vir ons genade betoon en die poort van glorie geopen.
Mag ons, wie deel in Christus se liggaam, Sy Verrese lewe openbaar;
ons, wie drink uit Sy beker, lewe bring aan andere;
ons, wie verlig word deur die Gees, lig bring aan die wêreld.
Hou ons standvastig in die hoop wat U vir ons gegee het
sodat ons en al U mense bevry sal word,
en die hele aarde sal lewe om U naam te loof;
deur Jesus Christus onse Here. **Amen**

TWEDE EUCHARISTIESE GEBED VIR SEISOEN VAN DIE SKEPPING

Mag die Here met u wees
En ook met u

Verhef u harte
Ons verhef hul tot die Here

Laat ons die Here onse God dank
Dit is paslik God te dank en te loof

Ons loof en dank u Almagtige Vader. In wysheid bepaal u die koers van die wêreld en liefdevol versorg U ons.

Ons dank u dat ons by hierdie tafel kan aansit in die naam van Jesus u Seun, die eersgebore van die skepping. In hom is alle sienlike en onsienlike dinge geskape en bymekaar gehou.

Ons dank u dat u die Heilige Gees gestuur het om ons 'n nuwe gemeenskap van gelowiges te maak om u in u skepping te dien.

Die Gepaste Sin volg hier

En nou met die wonders van U skepping en die lofliedere van al U skepsels, in die hemel en op aarde, verkondig ons die grootheid van u heerlijkheid:

**Heilig, heilig, heilige Heer
God van krag en mag
die hemel en aarde is vol van u heerlijkheid.
Hosanna in die hoogste.
Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here.
Hosanna in die hoogste.**

God van die hele skepping, laat u Heilige Gees neerdaal op die goedheid van die aarde en op hierdie gawes van brood en wyn sodat ons daarin die volheid van die Verrese Christus mag herken en ervaar: brood gebreek en wyn geskink, Liggaam gegee en Bloed gestort.

In die nag voordat Hy homself geoffer het, het Jesus met Sy dissipels die wonder van U skepping onthou en ook die verbond wat U aangegaan het met u uitverkore volk. Toe het Hy brood geneem, U gedank en dit geseën. Hy het die brood gebreek en gesê: 'Neem dit, julle almal, en eet; dit is my Liggaam wat vir julle oorgegee sal word.'

Net so het Hy die beker geneem, U weer gedank en geloof, en die beker vir sy dissipels gegee en gesê: 'Neem dit, julle almal, en drink daaruit. Dit is die beker van my Bloed, die Bloed van die nuwe en ewige verbond. Dit sal vir julle en almal uitgestort word tot vergifnis van sondes. Doen dit tot my gedagtenis.

So verkondig ons die verborgenheid van die geloof

**Christus het gesterwe
Christus het opgestaan
Christus kom weer.**

Terwyl ons die dood en opstanding van onse Here Jesus Christus onthou, vier ons die goedheid van die aarde, ons samehorigheid in hierdie wêreld en die deel van alle gawes en vaardighede wat ons lewens verryk. Ons deel die beker van ons menswees wat ontwikkel het oor tallose eeue van die stryd om hierdie wêreld te maak; ons lewe en dood, vrees en hoop, nutteloosheid en getrouheid.

Saam met hulle wat deur hierdie aarde gevoed is, hulle met wie ons dit deel, en hulle aan wie ons dit nalaat, deel ons hierdie brood en lig ons hierdie beker in opdrag van onse Here: deur Hom, met Hom en in Hom, in die eenheid van die Heilige Gees, sy aan U, almagtige Vader, alle eer en heerlijkheid, vir ewig en ewig.

Amen

DIE HERE SE GEBED

Soos Christus ons geleer het sê ons vrymoediglik

**Ons Vader wat in die hemele is
laat u Naam geheilig word
laat u koninkryk kom
laat u wil geskied
soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood
en vergeef ons ons skulde
soos ons ook ons skuldenaars vergewe
en lei ons nie in versoeking nie
maar verlos ons van die bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en
die heerlikheid tot in ewigheid. Amen**

DIE BREKING VAN DIE BROOD

Ons neem hierdie brood om te deel in die skepping van God en om,
deur Christus, ons eenheid in die skepping te toon.

**Ons wat baie is, is almal een skepping
want ons deel almal in die liefde van die Skepper.**

DIE UITNODIGING NA DIE KOMMUNIE

Skepper God, ontmoet ons in hierdie brood en wyn
en wees met ons op ons toekomsreis,
dat ons en die hele skepping weer die storie van die Lewe kan ervaar,
en alles wat bestaan, mag lewe om U naam vir ewig te loof en groot te maak.
Mense van God, kom nader in geloof en reis ver in genade.

DANKSEGGINGSGEBED

-kan gebruik word gedurende enige van die weke

God van almal, ons loof en dank u,
dat U ons in u Seun ontvang en huis-toe gebring het,
toe ons nog ver van U verwyderd was.
Lewend en sterwend, het Hy u liefde verkondig,
vir ons genade betoon en die poort van glorie geopen.
Mag ons, wie deel in Christus se liggaam, Sy Verrese lewe openbaar;
ons, wie drink uit Sy beker, lewe bring aan andere;
ons, wie verlig word deur die Gees, lig bring aan die wêreld.
Hou ons standvastig in die hoop wat U vir ons gegee het
sodat ons en al U mense bevry sal word,
en die hele aarde sal lewe om U naam te loof;
deur Jesus Christus onse Here. **Amen**

ADDISIONELE LITURGIËSE NOTAS

Week 1: BIODIVERSITEIT		
RESPONS OP DIE WOORD VAN GOD		
Voorbedding	<i>Indien die diens gedruk of geprojekteer gaan word, kan die Voorbeddings in die vorm van Smeekbede wees, gevolg deur 'n Litanie soos uiteengesit in die algemene materiaal; of deur die gebruik van 'n vorm van versies en response dwarsdeur die intersessies soos:</i> <i>Bedienaar: Skepper God</i> Respons: Ons bring ons gebed voor U	
Vredegroet	Want alles wat deur God geskape is, is goed as dit met danksegging ontvang word	1 Tim 4:4
VIERING BY DIE TAFEL		
	<i>Sien notas rakende die viering aan die tafel vir die aanbidding van die Elemente wat gebruik gaan word.</i>	
	Eucharistiese Gebed vir die Seisoen van die Skepping	
Gepaste Sin	En nou dank ons u vir die heerlikheid van U skepping wat in ons sorg geplaas is, en vir die geleenthede wat ons het om daardie rykdom met al U mense te deel.	
DIE UITSENDING VAN GOD SE MENSE		
Sin na die kommunie	Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.	Matt 6:33
Gebed na die Kommunie Kan #87 vervang	Skepper God U het die boom van die lewe geplant in die hart van die aardse paradys en die brood van die lewe in die hart van u Kerk; gee dat ons, wie by hierdie tafel gevoed is altyd sal strewe om te werk vir die beste van die hele skepping; deur Jesus Christus onse Here. Amen	
Seëngroet	Gaan uit in die wêreld met blydskap, ontmoet jul Skepper wat daar wag vir julle; verheug julle in die rykdom en verskeidenheid van die wêreld waarvoor Christus gesterf het; lewe in die krag van die Gees wat alle dinge vernuwe; en die seën van die Skepper God, die Ewige Vader, die Verre Seun en die Beloofde Heilige Gees seën julle dat julle 'n seën vir andere sal wees, vandag en altyd. Amen	

Week 2 GROND: DIE AARDE BEHOORT AAN DIE HERE		
RESPONS OP DIE WOORD VAN GOD		
Voorbedding		
Vredegroet	Die Here het vir Abraham gesê: "Ek sal jou seën en jou naam groot maak, sodat jy 'n seëning sal wees."	
VIERING BY DIE TAFEL		
Gepaste Sin	En nou dank ons u omdat U die aarde in ons sorg geplaas het sodat ons sekuriteit en die vrugte van die Seisoen in U skepping kan geniet; en, wetende dat ons nie net van brood alleen kan lewe nie, het u Seun in hierdie Sakrament homself vir ons gegee— die ware brood wat uit die hemel kom.	
DIE UITSENDING VAN GOD SE MENSE		

Sin na die kommunie	Dié wat met trane saai, sal met gejubel maai.
Gebed na die Kommunie Kan #87 vervang	Skepper God ons dank U vir die aarde en die oorvloed wat dit oplewer, en vir hierdie maaltyd en die voeding wat dit vir ons siele bied; gee dat ons sal dink aan die haweloses sonder inkomste, en dat ons U sal dien deur vir hulle te sorg; deur Jesus Christus onse Here wie Homself gegee het vir ons. Amen
Seëngroet	Mag God die Vader julle seën, wie eerste in jul harte die saad van die ewige lewe gesaai het; Mag God die Seun julle seën, wie julle voed met die reën en sonskyn van liefde; Mag God die Heilige Gees julle seën, wie ons almal bring tot die volheid van die lewe; en mag die seëning van die Drie-enige God altyd met julle wees sodat julle 'n seën vir andere sal wees, Amen

Week 3. WATER: DIE BRON VAN LEWE	
RESPONS OP DIE WOORD VAN GOD	
Rite	<i>Oorweeg die hernuwing van Doopbeloftes as 'n respons tot die Woord van God</i>
Voorbidding	
Vredegroet	Onse Here Jesus Christus het gesê: <i>“Die water wat Ek hulle sal gee, sal word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe.”</i>
VIERING BY DIE TAFEL	
Gepaste Sin	En nou dank ons u omdat U belowe het dat dié wat drink van die water wat U hulle gee, nooit weer sal dors word nie.
DIE UITSENDING VAN GOD SE MENSE	
Sin na die kommunie	En wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?
Gebed na die Kommunie Kan #87 vervang	O Skepper God, stort die water van die lewe uit oor ons dat ons dors geles en ons deur U versterk mag word. Help ons om diegene by te staan wie daaglik sukkel om skoon water te kry, sodat almal verfris en vernuwe word deur U oorvloedige liefde, wat geopenbaar word in onse Here Jesus Christus. Amen
Seëngroet	God, die bron van alle goedheid en groei, stort Sy seëning uit oor alle skepsels, en oor julle, God se kinders, dat julle dit mag gebruik tot eer van God en die welvaart van al Sy mense; en mag God die Vader, wat die waters van die aarde tot stand laat kom het, en God die Seun, wie lewende water gee aan almal wat dit wil ontvang, en God die Heilige Gees, wie voortdurend ons siele verfris, julle seën dat julle 'n seën vir andere sal wees, vandag en altyd. Amen

Week 4. KLIMAATSWERANDERING	
RESPONS OP DIE WOORD VAN GOD	
Voorbidding	Versies en response wat belydenis vir misbruik en 'n gretigheid om te verander, weerspieël Here, vergewe ons vir die misbruik van U skepping En skenk ons die genade om ons lewenswyse te verander.
Vredegroet	En God het gesê: <i>"Ek rig my verbond met julle op en met julle nageslag ná julle en met al die lewende wesens wat by julle is."</i>
VIERING BY DIE TAFEL	
Gepaste Sin	En nou dank ons u omdat U woorde van hoop spreek tot U mense, selfs in oomblikke van wanhoop, en U kan ons lei van gebondenheid aan ons verlede tot 'n toekoms waar u Seun oppermagtig sal heers oor alle dinge.
DIE UITSENDING VAN GOD SE MENSE	
Sin na die kommunie	Want die Skepping wag met reikhalsende verlanse op die openbaarmaking van die kinders van God.
Gebed na die Kommunie Kan #87 vervang	God ons Skepper, U voed u kinders met brood uit die hemel: laat hierdie heilige voedsel ons versterk tydens ons aardse pelgrimsreis sodat ons daardie plek sal bereik waar U mense nie meer honger of dors het nie en U skepping tot sy volle heerlijkheid herstel is; deur Jesus Christus onse Here. Amen
Seëngroet	Gaan voort, oortuig in die hoop waarin julle verlos is; Loof God in die hele skepping; volg Christus deur wie alle dinge gemaak word; in die krag van die Heilige Gees, word 'n baken van hoop vir die hele wêreld; en die seën van die Skepper God, die Ewige Vader, die Verreese Seun en die Beloofde Heilige Gees seën julle dat julle 'n seën vir andere sal wees, vandag en altyd. Amen

Week 5. BEHOEFTE, NIE HEBSUG	
RESPONS OP DIE WOORD VAN GOD	
Voorbidding	Here, help ons om die nood van ander raak te sien En te vertrou dat U sal voorsien in hul behoeftes
Vredegroet	<i>Wie spaarsamig saai, sal spaarsamig maai En wie volop saai, sal volop maai</i>
VIERING BY DIE TAFEL	
Elemente	<i>Sien notas rakende die aanbieding van die Elemente wat gebruik gaan word.</i>
Groot Dankgebed	Eucharistiese Gebed vir die Seisoen van die Skepping
Gepaste Sin	En nou dank ons u vir die heerlijkheid van U skepping wat in ons sorg geplaas is, en vir die geleentheid wat ons het om daardie rykdom met al U mense te deel.
DIE UITSENDING VAN GOD SE MENSE	
Sin na die kommunie	Jesus sê vir die ryk man, <i>'Pas op en wees op jul hoede vir die hebsug.'</i>
Gebed na die Kommunie	Liefdevolle Vader, u Seun het ons hierdie maaltyd gegee in herinnering aan Hom en daarna het Hy homself gegee vir ons verlossing. Ons dank U vir die voedsel wat ons aan U tafel ontvang en bid dat die versterking wat ons hier ontvang, ons die moed sal

Kan #87 vervang	gee om onself te deel met dié in nood; deur die Here wie Homself ter wille van ons gedeel het. Amen
Seëngroet	God die Skepper is die bron van alles wat julle nodig het: Christus die Verlosser is die fontein van al jul seëninge; Die Heilige Gees is die krag wat lewe gee aan jul getuienis; Gaan voort, vol moed, om die wêreld te dien in die naam van God, en die seën van die Skepper God, die Ewige Vader, die Verrese Seun en die Beloofde Heilige Gees seën julle dat julle 'n seën vir andere sal wees, vandag en altyd. Amen

Week 6. RENTMEESTERSKAP	
RESPONS OP DIE WOORD VAN GOD	
Voorbedding	<i>Daar behoort ewe veel klem gelê word op Danksegging vir God se Skepping en 'n Verbintenis om te dien as Rentmeesters van alles wat in ons sorg geplaas is.</i>
Vredegroet	Soos goeie bestuurders van die veelvoudige genade van God, dien mekaar met watter gawe elkeen van julle ookal ontvang het.
VIERING BY DIE TAFEL	
Elemente	<i>Sien notas rakende die Elemente. Dit sal goed wees om op hierdie Sondag varsgebakte brood te hê wat deur een of meer van die gemeentelede gebak is vir gebruik by die Eucharistie.</i>
Groot Dankgebed	Een van die twee spesiale Eucharistiese Gebede wat ingesluit is by hierdie materiaal, sal heel gepas wees vir hierdie viering.
Gepaste Sin	En nou dank ons u omdat U ons Rentmeesters van U skepping gemaak het om U dag en nag te loof vir die wonders van U wysheid en krag.
DIE UITSENDING VAN GOD SE MENSE	
Sin na die kommunie	Elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; en aan wie veel toevertrou is, van hom sal oorvloediger geëis word.
Gebed na die Kommunie Kan #87 vervang	Here van alles, Soos ons met vreugde U gedank het vir U liefde in die Skepping, vul ons harte sodat ons edele en wyse bestuurders sal wees van die goeie dinge wat ons geniet; deur Jesus Christus, die Here van die hele Skepping. Amen
Seëngroet	God, wie se heerlijkheid in die hemel openbaar word, en wie spreek deur die skepping; wakker julle gees aan deur Sy woord, gee julle wysheid deur Sy wette, en verskaf julle blydschap deur Sy gebooie; en die seën van die Skepper God, die Ewige Vader, die Verrese Seun en die Beloofde Heilige Gees seën julle dat julle 'n seën vir andere sal wees, vandag en altyd. Amen